

Logos Gemeente van Christus

Trompette 1-4: Waarskuwings aan ongelowiges

Op 8:6-12

5 Julie 2020

Vandag kom ons by die deel van die boek Openbaring wat handel oor die blaas van die trompette. Dit is die begin van 'n nuwe onderdeel, die derde onderdeel van die boek. Tot dusver het ons die volgende gesien: Die boek Openbaring bespreek God se openbaring deur Jesus, deur 'n engel, deur Johannes aan ons om ons in te lig oor die dinge wat binnekort moet gebeur. Ons het reeds oor twee onderdele van die boek gepraat:

- Die eerste onderdeel het gehandel oor die briewe aan die sewe gemeentes. Jesus is by hulle betrokke en het sekere verwagtinge van hulle: Hulle moet Hom steeds toenemend dien deur hulle denke en met liefdevolle harte wat sigbaar word in daad volgens Sy wil.
- Die tweede onderdeel het gehandel oor die gelowiges wat bo en behalwe dat hulle in gemeentes leef, ook in die wêreld leef. Dit is beskryf met die oopmaak van die sewe seëls. Hulle kan swaarkry verwag in die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms, maar het die versekering dat hulle geseëldes is van die lewende God, en daarom het hulle die waarborg dat hulle toekoms saam met God seker is, selfs tot na die finale oordeelsdag.

Die derde onderdeel waarby ons nou kom, handel oor die blaas van die sewe trompette. Anders as met die eerste twee onderdele, is die fokus hier primêr op die ongelowiges. Tot dusver het ons al hier en daar van hulle gelees: hulle het 'n negatiewe uitwerking in van die sewe gemeentes, en ons het in die sesde seël gelees van hulle geskarrel hier op aarde met die aanbreek van die finale oordeelsdag. Met die blaas van die sewe trompette val die fokus egter nou primêr op hulle, en wat hulle kan verwag in die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms. Die blaas van die sewe trompette word gedek in Op 8-11.

Hierdie drie dele, die sewe briewe, sewe seëls en sewe trompette vorm saam die eerste hoofdeel van die boek Openbaring. Hierdie hoofdeel beskryf wat mense op aarde kan verwag gedurende die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms, en dit word bespreek vanuit drie hoeke: die gelowiges in die gemeentes, die gelowiges in die wêreld, en die ongelowiges ook in die wêreld. Dieselfde periode word dus drie keer beskryf, wat noodwendig beteken die drie onderdele volg nie chronologies op mekaar, maar verloop parallel.

Kom ons kyk nou na die blaas van die eerste vier trompette.

Detail van die eerste vier trompette

In Op 8:2 het ons gesien daar was sewe engele voor God, en hulle het elkeen 'n trompet ontvang. Laasweek het ons ook gesien dat na aanleiding van die gebede van die gelowiges wat saam met die wierook voor God opgestyg het, het hierdie sewe engele gereedgemaak om op hulle trompette te blaas (vers 6). Kom ons som nou eers die detail op van wat beskryf word in verse 7-12 wanneer die eerste vier engele op hulle trompette blaas:

- Trompet 1: As die eerste engel op sy trompet blaas, is daar hael en vuur gemeng met bloed op die aarde gegooi. Die gevolg hiervan is dat 'n derde van die aarde, 'n derde van die bome en al die gras verbrand het.
- Trompet 2: Met die blaas van die tweede trompet is daar iets soos 'n vuurspuwende berg, letterlik 'n groot berg wat brand, in die see gegooi. Die gevolg hiervan is dat 'n derde van die

see bloed geword het, 'n derde van alles wat in die see lewe, het doodgegaan, en ook 'n derde van die skepe het vergaan – bedoelende dat ook alle lewe wat daarop is, ook vergaan het.

- Trompet 3: Met die blaas van die derde trompet het 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand uit die hemel op 'n derde van die riviere en die waterbronne geval, met die gevolg dat hulle water bitter geword het, en baie mense het doodgegaan a.g.v. hiervan. Die ster se naam is Bitterals (of Alsem), waardeur aangedui word dat die water bitter word as dit daarop val.
- Trompet 4: Met die blaas van hierdie trompet is 'n derde van die son, 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre getref en het hulle donker geword. Die gevolg hiervan is dat 'n derde van die dag en die nag nie meer lig gehad het nie.

Hierdie is van die moeiliker gedeeltes in Openbaring om te interpreteer. Maar kom ons let op 'n paar opvallende aspekte as ons na hierdie gebeure kyk:

- In al drie die eerste trompette is daar 'n verwysing na **vuur**: 'n vuur wat brand, 'n berg wat brand en 'n ster soos 'n fakkel wat brand. Vuur is natuurlik 'n simbool van God se oordeel. Dink maar aan die visioen waarvan ons in Op 1 gelees het. Hier is beskryf dat die Seun van die Mens oë het wat soos vuur vlam, en ons het destyds gesê met hierdie oë sien Hy nie net alles nie, Hy weeg/oordeel dit ook (Op 1:14). Of dink aan Op 19:20: Hier lees ons van die dier uit die see en die dier uit die aarde wat finaal in die poel van vuur wat met swael brand gegooi word – weereens 'n simbool van oordeel, en wel die finale oordeel wat hulle sal tref.
- Dit is ook opvallend dat daar in al vier hierdie trompette sprake is van **“n derde”**. Maak nou nie saak of jy van 'n derde van die aarde/bome, 'n derde van die see, 'n derde van die riviere en waterbronne of 'n derde van die hemelliggame praat nie – 'n derde is 'n groot deel. Wat ookal hier van gepraat word, dit is beduidende gebeure/oordele wat op 'n groot skaal plaasvind. Maar tog is dit ook net 'n derde – dit is anders as wat ons byvoorbeeld in die sesde seël van gelees het, waar die hele son verduister het, die hele maan bloed geword het, al die sterre op die aarde geval het, en al die berge en eilande uit hulle plekke geskud is (Op 6:12-14). Alhoewel die oordele hier lyk soos die wat daar beskryf is, is dit nog net gedeeltelik. Ons moet dus sê dit is nog nie die finale oordeel nie.
- Laasweek het ons gepraat oor hoekom die tweede onderdeel van die boek met die oopmaak van seëls geassosieer word (want seëls gee sekuriteit aan die wat geseël is, d.w.s. die gelowiges). Ons kan nou dieselfde vra oor hoekom hier juis sprake is van **trompette**. Trompette word in die Bybel in 'n paar kontekste gebruik:
 - Die trompet is geblaas as die volk kamp opgebreek het tydens hulle tog deur die woestyn (Num 10:1-2)
 - Die trompet is geblaas met die aanbreek van die Nuwejaarsfees (Num 29:1-6)
 - Die trompet is geblaas met die aanbreek van die jubeljaar (Lev 25:8-9)
 - Die trompet is geblaas met die aanbreek van oorlog. 'n Voorbeeld is Gideon wat op die ramshorings blaas in Rigters 7:16-22.
 - In die Nuwe Testament lees ons dat die wederkoms (en dus die finale oordeel) gepaardgaan met die blaas van 'n trompet (Mat 24:31, 1 Tes 4:16)
 - En dink aan die inname van Jerigo (Jos 6:10-20): Vir 6 dae lank het die Israeliete elke dag om die stad geloop, en elke dag is die trompet geblaas. Maar op die sewende dag, as hulle sewe keer omloop, en die trompet word dan geblaas, val die mure van die stad in. Sien jy die ooreenkoms: 6 waarskuwings-trompette gevolg deur 'n trompet wat die laaste oordeel vir Jerigo ('n heidense stad) aankondig. Netso, lees

ons hier van ses waarskuwings-trompette aan die heidene voor die finale oordeel ook met 'n trompet aangekondig word.

- Netso opvallend is die ooreenkomste tussen hierdie trompette en die **tien plae** wat destyds die Egiptenare (weereens ongelowiges) getref het. Die eerste trompet se hael en vuur stem ooreen met die sewende plaag, die tweede en derde trompette se water wat in bloed verander of bitter word, met die eerste plaag, en die duisternis van die vierde trompet met die negende plaag (Eks 7-10). Hoekom het die Here destyds die tien plae oor Egipte gebring? Daar is 'n paar redes: (1) Dit was straf/oordeel weens die hardheid van hulle harte. Die Farao, en die Egiptenare, het eiesinnig opgetree teen die wil van God (2) Dit was straf/oordeel omdat hulle die volk van God onderdruk het deur hulle harde slawearbeid te laat verrig (3) Dit was 'n demonstrasie aan hulle van God as die Almagtige wat uitstyg bo hulle gode (Eks 7:5, 17, 8:10 e.a.). Ons sien met die blaas van die trompette dieselfde: dit is gemik op heidene: Lees Op 8:13 waar die fokus duidelik is op "die bewoners van die aarde", 'n titel wat tipies vir ongelowiges gebruik word in Openbaring (dink maar aan die konings van die aarde en sakemanne van die aarde in Op 18 met die val van Babilon), of Op 9:4 en 20 wat duidelik maak dat die trompette op ongelowiges gemik is. Hierdie ongelowiges se harte is ook hard, en hulle vervolg ook die gelowiges (dink maar aan die vyfde seël), en daarom is die blaas van die trompette 'n waarskuwing aan hulle, reeds 'n mate van oordeel oor hulle harde harte, en ook 'n openbaring van God se almag.
- Laastens: In Op 7:2 het ons gelees van die **winde** wat die vier engele teruggehou het tot die gelowiges gemerk was op hulle voorkoppe. Daardie winde sou die bome, see en land tref. Met die blaas van hierdie vier trompette word die bome, see en land ook getref. Ons lees nie noodwendig van verskillende gebeure nie in hierdie verskillende gedeeltes nie – maar wel van 'n verskillende doel.

Hoe moet ons die eerste vier trompette verstaan?

Die vraag is nou hoe ons hierdie vier trompette moet verstaan. Moet ons hulle letterlik verstaan? Wel, ons moet versigtig wees. Vers 8 en 10 gebruik elke keer die woord "soos" – wat tog duidelik wil maak dat hierdie verskynsels eerder simboliese betekenis het.

Maar praat ons hier van sekere verskynsels of gebeure wat in die natuur gaan afspeel? Byvoorbeeld: Trompet 1 se hael, vuur en brande sou maklik versoenbaar wees met 'n verskeidenheid van natuurrampe waarvan ons gereeld hoor, of dink maar net aan die wydverspreide brande 'n tyd gelede in die Kaap, Australië, Suid Amerika en ander plekke. Of dink aan die impak wat die mens het op die visbronne van die see, wat sou kon pas op die tweede trompet waar 'n groot gedeelte van die seelewe sterf. Besoedeling van varswaterbronne wat aanleiding gee tot allerlei siektes, en selfs sterftes, sou kon pas op die detail van die derde trompet, dink maar net aan die Vaalrivier se besoedeling. Of as jy na foto's kyk van hoeveel minder lugbesoedeling daar was in dele van Indië gedurende die inperking, waar besoedeling normaalweg die son gedeeltelik verduister, dan lyk dit na iets van die vierde trompet. Ek dink nie dit is uitgesluit nie. Uit Gen 3:17-19 is dit tog duidelik dat die skepping ook geaffekteer is deur die sondeval van die mens. En Rom 8:21-22 maak dit tog ook duidelik dat die skepping sug om verlos te word van die verganklikheid en tot vryheid te kom met die wederkoms.

Maar ons moet waarskynlik verder gaan as dit: As met die eerste trompet, vuur die plantegroei tref, dan het dit tog sekerlik implikasies vir die produksie van kos. Ons sou waarskynlik aan enige gebeure kan dink wat hongersnood tot gevolg kan hê. Met die oopmaak van die derde en vierde seëls was daar ook alreeds sprake van hongersnood – en toe het ons ook gesê natuurlik is daardie

hongersnood nie net beperk tot gelowiges daar nie, en dus ook nie hier net tot ongelowiges nie. Met die tweede trompet word 'n berg in die see gegooi. Maar lees nou Op 17:9 waar die sewe koppe van die dier gelykgestel word met sewe berge en sewe koninkryke. Of Op 18:21 waar Babilon in die see gegooi word – Babilon is 'n simbool van 'n aardse koninkryk of bestel wat in die see gegooi word. Boonop het Babilon se ondergang in Op 18 ook 'n effek op die seemanne – soos hier in die tweede trompet. In die derde trompet lees ons van die ster wat op die aarde val. Maar in Jes 14:8 en 12-15 is dit juis 'n manier waarop die val van Babel beskryf word – en weereens, in Openbaring is Babilon simbool van die wêreldse sisteem waarby alle ongelowiges ingekoop het. Of lees Joël 2:1-2 en 9-11. Hier word beskryf hoe 'n wrede nasie Sion sal aanval op die dag van die Here, en dan klink die verduistering van die son, maan en sterre netsoos die vierde trompet.

Wat probeer ek sê? As ons van hierdie vier trompette lees, verwys dit na allerlei gebeure. Dit kan natuurrampe wees. Maar dit kan ook die opstand van nasies of koninkryke teen mekaar wees. Dit kom in verskillende vorme op verskillende tye op verskillende plekke op die aarde. Maar dit tref net 'n derde van die aarde – en is dus nie die finale oordeel nie. Hoe en waar dit ook al tref, is die gevolg dat dit aanleiding gee tot swaarkry – soos wat destyds die geval was in Egipte. En soos destyds die geval was in Egipte, is God se doel hiermee:

- Dat ongelowiges gewaarsku word sodat hulle hulle sal bekeer.
- Dat dit reeds deel is van God se oordeel of straf oor hulle omdat hulle harte hard is, en boonop omdat hulle die gelowiges vervolg en selfs doodmaak.
- Dat dit 'n sigbare demonstrasie is van God se almag, en dat Hy ver uitstyg bo enige van die dinge, sisteme, skatte wat hulle hier op aarde vir hulle bymekaar maak.

Let ook op die volgende: die gebeure wat deur die eerste vier trompette gedek word, is nie so verskillend van die gebeure in die eerste vier seëls nie. Byvoorbeeld, met seël vier het 'n kwart van die wêreldbevolking gesterf deur die swaard, hongersnood, pes of wilde diere. Met die eerste vier trompette lees ons ook dat baie mense doodgaan: dit kan wees deur hongersnood, want 'n groot deel van die plante het verbrand of van die seelewe het gesterf, dit kan wees deur pes omdat varswaterbronne besmet is, dit kan wees deur die swaard as nasies teen mekaar opstaan en oorlog maak. Boonop is dit ook belyd met die effek van die vier winde in Op 7:2, soos ons hierbo gesien het. En dit is juis die punt wat ek aan die begin gemaak het: die sewe seëls en die sewe trompette beskryf dieselfde tydperk in die geskiedenis tussen Jesus se eerste en tweede koms, en dit beskryf selfs dieselfde/soortgelyke gebeure in hierdie periode. Maar dit beskryf dit met verskillende fokusse en met verskillende doelwitte: Met die seëls wil God die gelowiges bemoedig dat hierdie swaar tye sal aanleiding gee dat hulle sal groei in heiligheid en eventueel in volmaaktheid by Hom sal wees. Met die trompette wil God die ongelowiges waarsku deur dieselfde, of ten minste soortgelyke, gebeure dat hulle hulle moet bekeer, Hy laat hulle alreeds iets ervaar van die straf wat op hulle wag, en Hy demonstreer Sy almag aan hulle. Onthou julle wat ons oor gepraat het in Jakobus 1: dieselfde toetse, oftewel swaar tye, is vir die gelowiges 'n beproewing waardeur hulle groei, en vir die ongelowiges 'n versoeking waardeur hulle gekonfronteer en alreeds gestraf word.

Toepassing

Gaan kyk weer na die wêreldgebeure van ons tyd:

- meer as 10 miljoen mense wêreldwyd geïnfecteer met die coronavirus en meer as 500 000 sterftes,

- die ekonomiese krisis waarin die wêreld en ook Suid Afrika is (ek lees in 2016 was Suid Afrika se skuld las 50% van ons Bruto Nasionale Produk, hierdie jaar waarskynlik 80%, en teen 2023 waarskynlik 100%)
- die effek van aardverwarming, of as jy wil, klimaatsverandering
- dink aan die talle sterftes jaarliks in derde wêreldlande aan siektes weens gebrek aan vars water, of doodeenvoudig gebrek aan kos
- dink aan die spanning tussen nasies: Amerika en China, China en Hong Kong, Midde Ooste

Waarom dink jy as jy dit hoor?

- As jy 'n gelowige is, behoort jy nie moedeloos te word nie, maar moet te skep uit wat ons in die sewe eeue geleer het – die uitkoms is vas en seker.
- As jy 'n ongelowige is, behoort jy vreesbevange te word. Die almagtige God is besig om te demonstreer wie Hy is, watter straf daar eventueel vir jou wag – en genadiglik, gee Hy ook nog tyd vir bekering. Maar dan moet jy dit dringend doen, voor die sewende trompet blaas.